**Sondag 25 September 2022: Die Bybel as heuning**

Ek wil gou vir julle as families, julle wat langs mekaar sit, ‘n paar vrae vra. Wie in die gesin, is die moeilikste as dit kom by wat hul nie eet nie? Wie is daardie een wat heeltyd vol fiemies is? En laat ek bietjie hoor, wat is dit wat hul nie eet nie?

Ek het vanoggend een van my gunsteling gedagtes saamgebring. Die gedagte sê:

- Life at best is bittersweet (Jack Kirby).
- Die lewe is bittersoet.

Ek beleef dit so intens...

Want die lewe het sy baie bitter oomblikke. Daardie slegte oomblikke wat ’n bitter pil is om te sluk.

Bitter: Soos wanneer ek siek is en voel ek loop al die heerlike aktiwiteite mis.

Bitter: Soos wanneer ek alleen voel.

Bitter: Soos wanneer iemand lelik is met my.

Bitter: Soos wanneer ek iets moet doen waarvan ek glad nie hou nie

Dink nou net, as die lewe net bitter was... Dit sou nie lekker gewees het nie. Dink net hoe dit sou wees as dit net heeltyd donker was en die son nie regtig geskyn het nie...

Maar die lewe is ook soet. Daardie mooi, heerlike oomblikke wat ons beleef

Soet: Wanneer ons weet iemand hou van my. Mamma/Pappa/Boetie/Sussie is lief vir my.

Soet: Ek is gelukkig, ek het geen toetse wat ek hierdie week skryf nie

Soet: Ek bly in die mooiste land in die hele wêreld

Soet: Ek voel so gewaardeerd by my werk

Maar die lewe is nie net een en nie die ander nie. Die lewe is bitter en soet. Albei. En ons lewe tussen die ervarings. Ons kyk die begrafnis van die Koningin van Engeland en ons word getroos deur die hoop dat die dood nie die einde is nie.

Daar is nog ‘n gedagte wat lees:

- When life is sweet, say thank you and celebrate. And when life is bitter, say thank you and grow.

Ons lees vandag vanuit Esegiël 2,3 asook Psalm 119.

Esegiël 2:

9. Toe sien ek daar is 'n hand na my toe uitgesteek, en in die hand was 'n boekrol.

10. Die hand het die boekrol voor my oopgerol. Dit was aan albei kante vol geskryf, en wat daarop geskryf was, was klaagliedere, treurliedere en smartroepe

Esegiël 3:

1. Die stem het vir my gesê: "Mens, eet wat voor jou is, eet hierdie boekrol en gaan praat met die mense van Israel."

2. Ek het my mond oopgemaak, en die Here het my die boekrol laat eet.

3. Hy het vir my gesê: "Mens, eet die boekrol wat Ek jou gee, eet jou vol." Ek het dit geëet, en dit was soet soos heuning in my mond.

4. Toe sê Hy vir my: "Mens, gaan na die mense van Israel toe en sê vir hulle wat Ek sê.

Psalm 119:

103. Hoe aangenaam is u woord, soeter as heuning in die mond.

104. U bevele gee my insig, daarom haat ek elke verkeerde pad.

Ek het hierdie week baie nagedink oor die tema vir die week. Die Bybel as heuning. En ek het gewonder hoe ek dit in my eie lewe wil laat sin maak. En hoe meer ek aan die heuning gedink het, hoe meer het ek keer op keer gedink aan een van my rolmodelle. Soos baie van ons rolmodelle is, het ek baie respek vir die persoon, maar hy weet nie eers wie ek is nie.

Die persoon se naam is Boeta Cassiem. Nou boeta Cassiem het 'n ongelooflike werk gehad. Een wat ek ook met graag sal doen. Boeta Cassiem was die roomys verkoopsman op Nuweland Krieketveld en ook Nuweland rugbyveld. En so vêr as wat ek kan onthou, was Boeta Cassiem daar. Vir meer as 50 jaar het hy die werk gedoen. Hy sou gereeld gestap het en dan skree hy:

- Ice Cream Lolly roomys
- A sucker to make your boyfriend wakker
- A waver to make
- Chippies
- what a day
- Keep the change young man

En ek wil glo, dat Boeta Cassiem se roomys vir mense "lekkerder" gesmaak het as die ander roomys verkopers nie a.g.v. wat hy doen nie, maar as gevolg van hoe hy dit gedoen het. Cassiem het so indruk op mense gemaak, dat hy op 'n tyd ''n operasie aan sy oë moes ondergaan. Dit het nie lank geneem nie of die familie het die geld deur donasies ingesamel. Boeta is ongelukkig so jaar terug oorlede en selfs in daardie tyd is sy familie oorval deur huldeblyke van oud spelers, ondersteuners en mense regoor die wêreld.

Die ding wat hy kon regkry, as hy verby jou gestap het, of aan jou 'n roomys verkoop het, dan het jy 'n lekker smaak in jou mond. En dit gaan nie oor die Kitkat King Cone wat jy gekoop het nie. Dit gaan oor sy menswees.

Die gaan nie oor wat binne-in sy koeler boks aan die gang is nie, maar eerder oor dit wat binne-in sy hart aan die gang was. Want in sy manier van werk met mense, maar hy nie net sy koeler boks oop vir ander nie, maar eerder sy hart vir ander mense.

So beweeg ek ook gereeld rond en somtyds stap ek uit Sunridge spar uit met 'n lekker soet smaak in my mond, want die dame wat my gehelp het, was so gaaf. Of soms stap ek met 'n soet smaak met my mond uit Govan Mbeki Binnelandse sake uit, want die persoon het werklik haar bes probeer, of ek stap met 'n soet smaak op die boardwalk, want die blinde musikant sing uit volle bors op sy stukkende kitaar, ek het hierdie week in Jo Slovo ook so soet ervaring gehad toe ek bietjie met van die lede van die gemeenskap gesels.

En ek wonder sommer. As mense klaar in my teenwoordigheid was, as hulle die foon neersit, die e-pos ontvang, die motor registrasienommer herken, die foto sien- is dit ‘n soet smaak in hul mond? Of nie?

Die lewe is soet...... maar ook bitter.....

En so lees ons toe hierdie week die verhaal van Esegiël. Die vreemde verhaal.

Die Here gee vir hom die boekrol. Die rol wat aan albei kante geskryf is om die volheid heerlikheid maar ook oortreffendheid aan te dui. En hierdie boekrol bevat nie net soet lekker en mooi dinge nie. Daar is ruimte vir bitterheid ook. Ruimte vir klaagliedere, treurliedere, smartroepe.

Maar die vreemde ding, is dat Esegiël nie net hierdie boekrol soos ander mense moes neem nie. Hy moes dit nie net aanhoor nie. Hy moes dit nie net gebruik vir prediking en verkondiging nie. Nee hy moes dit eet.... Eet.. Regtig?

Ek wonder sommer. In die koshuis waar ek was, was daar ‘n slagspreuk teen die muur wat in die kombuis ingaan, wat gesê het: Koshuis brood maak ysters groot....

Nou wat gebeur met jou as jy die Bybel eet?

Hierdie is nie al geleentheid in die Bybel waar ons lees van die boekrol eet nie.  Ons lees in Openbaring hoofstuk 10 dievolgende wat aan die Profeet Johannes gesê is:

> 8. Die stem wat ek uit die hemel gehoor het, het toe weer met my gepraat en vir my gesê: "Gaan kry die oop boek daar in die hand van die engel wat op die see en die land staan."
>
> 9. Ek het na die engel toe gegaan en vir hom gevra om die boekie vir my te gee. Hy sê toe vir my: "Neem dit en eet dit op. Dit sal jou maag bitter maak, maar in jou mond sal dit so soet soos heuning wees."
>
> 10. Ek het toe die boekie uit die hand van die engel gevat en dit opgeëet. In my mond was dit so soet soos heuning, maar toe ek dit insluk, het my maag bitter geword.
>
> 11. Toe het hulle vir my gesê: "Jy moet weer God se boodskap aangaande baie volke, nasies, tale en konings verkondig."

Hierdie versoek is vir Esegiël nie buitensporig nie. Want ons lees hoe Esegiël bekende dele vanuit Jeremia neem, dikwels die dramatiese wat in Jeremia genoem word en dan sal Esegiël dit letterlik gaan toepas. So lees ons byvoorbeeld in

Jeremia 1: 9. Hy het sy hand uitgesteek, my mond aangeraak en vir my gesê: Ek het nou my woorde in jou mond gelê.

Maar in Esegiël is daar vreemde goed wat gedoen word. Soos dat hy in Esegiël 4:4-6 aan die volk se sonde moet dink en dan moet hy vir 390 dae lank op sy linker sy lê vir die sonde van die volk Israel en ook vir 40 dae op sy regtersy vir die sonde van die volk van Juda.

Tog dink ek nie die doel van vanoggend is om vas te stel of Esegiël by sy volle is en of hy werklik die boekrol geëet het of nie. Die vraag is eerder hoekom moes hy dit doen? En ook wat is die soetheid van die woord?

Ek dink Esegiël word hier, tydens sy eie roeping, vir die eerste keer baie visueel tot die besef gebring dat die woord, is nie net iets buite jouself nie, dit is iets wat geïnternaliseer word. Die woord word as te ware deel van sy binneste. Deel van sy hartklop. Deel van sy hele menswees.

God se woord is nou nie net meer woorde aan my nie- maar dit word nou woorde in my, aan ander...

Ek dink ons moet mooi dink oor wat ons internaliseer of nie. Ek vermoed Boeta Cassiem het nie roomyse verkoop vir geld nie. Of nie net op Nuweland rondgestap omdat hy niks ander gehad het om te doen nie. Ek dink hy het van binne af, geweet, hierdie is hoekom God my op die aarde geplaas het. EK dink mens kan baie vinnig sien, as iemand net iets doen om dit te doen.

- Wanneer iemand iets aan jou wil verkoop maar self glo hul nie in die produk nie.
- Wanneer iemand iets aan jou wil verduidelik, maar self is hul nie oortuig nie.
- Wanneer iemand vra hoe dit gaan, maar eintlik nie omgee hoe dit gaan nie.
- Wanneer iemand sê ek is hier vir jou, maar eintlik is dit maar net die gawe ding om te sê

Ons moet die woord, internaliseer. Ons kan nie gekompartementaliseerd deur die lewe gaan nie. Die Bybel was nooit bedoel om net "nog" 'n boek te wees wat ek en jy lees nie.

Want ek glo deur 'n heel. Vol lewe. Gevul met die goeie en die mooi. Gevul met die gees van God, is dit ''n "soet" lewe.

So die soet smaak- die heuning- is die vreugde van die lewe wat geïnternaliseer word En dan kom die tweede vraag:

• Hoe kan ons die Bybel so beliggaam dat dit 'n soet/smaaklike ervaring in mense se lewens los?

Eerste ding wat die Joodse kinders in Hebrew School leer: Die tora is soeter as heuning (Psalm 119:103).

In die twaalfde eeu het hulle woorde van die Torah wat met heuning op 'n tablet geskryf was, af ge lek. Die doel was om hul bewustelik die soet smaak van die heuning wat hul moet lek, te koppel aan die soet smaak wat jy kan ervaar wanneer jy die woord in jou mond lees.

Die wysheid, die verhale wat deelwoord van ons lewe en so uitspeel in hoe ons elke dag leef...

Dit is so half daardie woord wat jou help om te verstaan, dat ek het nie net 'n werk nie, ek het bepaalde gawes en talente vanaf God ontvang, hierdie geleentheid het ook nie net "heel toevallig" oor my pad gekom nie, hierdie is my roeping!

En so wil ek dit wat ek graag wil sê saamvat met 'n video. In Julie 2021 was daar in groot dele van ons land groot plundering. Julle sal dit nog goed onthou. Ek sien hierdie week toe vir die eerste keer die video van Jenny Bowles. Sy is 'n musiek onderwyseres van Durban en terwyl sy na die plundering gaan help het om haar broer sê besitting by 'n stoorfasiliteit te kry, doen sy die volgende:

- Jenny Bowes- Video- volkslied.

Die lewe is bittersoet.... Maar ek glo, as die woorde, nie van die gebed (ons volkslied) nie, maar eerder die woorde van en oor God in ons lewe bly en werk, dan is die lewe soveel soeter en mooier....

When life is sweet, say thank you and celebrate. And when life is bitter, say thank you and grow.

Gebed: